

## VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees



15 Aug **Johanna Buys, (91 jaar)** Huis Eikelaan. Wyk 15

16 Aug **Elize Coetzee,** Wyk 2

18 Aug **Coetzer Stoop,** Wyk 18

### Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. **Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**

Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**

Bank: FNB Potchefstroom.


### GKSA Sustentatiefonds

*Doel: Om kerke wat nie finansiëel onafhanklik kan bestaan nie by te staan sodat die Woordverkondiging steeds daar kan voortgaan en om nuwe voorposgemeentes te stig waar die Woordverkondiging dringend noodsaaklik is.*

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf ([www.gkpotchefstroom.co.za](http://www.gkpotchefstroom.co.za)). Die preke van Sondag word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur

### Die Kerkblad

Ons vra weer ons gemeente se ondersteuning en voorbidding vir *Die Kerkblad*. Ons vra ook weer dat lidmate wat nie ingeteken is nie, dit asseblief sterk sal oorweeg. U kan met Prof Callie of Piet Aartsma skakel. Intekengeld vir 11 uitgawes per jaar is R323 vir die harde kopie en R135 vir die elektroniese kopie.



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom

Jaargang 37, nr 30 Sondag 15 Augustus 2021

REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422

[rudy@telkomsa.net](mailto:rudy@telkomsa.net)

Eredienste: 09:30 en 18:00

Prediker: Ds Jannes van Dyk 072 224 7181

Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 Hulpprediker: Prof Callie Coetzee 082 337 7951

Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe 079 872 2516 Koster Pieter Bouwsema 082 923 1384

E-posadres: [kantoor@gkpotchefstroom.co.za](mailto:kantoor@gkpotchefstroom.co.za) Web: [www.gkpotchefstroom.co.za](http://www.gkpotchefstroom.co.za)

**Diensbeurte by eredienste:** Ouderling wyk 7 Loffie Eloff en wyk 8 Nico Malan. Diakens: Wyk 7 **vakant** en wyk 8 **Jan de Vos**.

**EREDIENSTE** Oggend Teologiese Student ID Nagel; aand ds Jannes van Dyk

*Goiedag broers en susters, kinders en besoekers*

**Oggenddiens om 9:30: EREDIENSTE OOK PER WHATSAPP**

Ons verwelkom vanoggend br. ID Nagel wat vandag sy eksamenpreek voor die gemeente sal aflê. Ons verwelkom ook sy eksaminatore, proff. Francois Muller en Johannes Smit wat die direkte uitsending sal volg. Ons bid br. ID die seën van die Here op sy eksamenpreek vandag en ook op sy verdere studies toe.

**Woordbediening:** Genesis 27: 46 - 28: 22 (AFR'83).

**Fokusvers:** Genesis 28:15.

**TEMA:** *Weet en vertrou dat God altyd sy verbondsbeloftes sal nakom en by jou sal wees!*

**Sing:** Psalm 107: 1, 20; Psalm 32: 1, 3; Psalm 121: 2, 4; Skrifberyming 5: 1, 2 (Tema 4 - 8).

*Aanddiens waargeneem deur ds. Jannes van Dyk in aansluiting by die dag van verootmoediging soos uitgeroep deur Klassis Potchefstroom.*

**Woordbediening:** Matteus 6:5 - 15; Psalm 25.

**Fokusvers:** Matteus 6: 10(a); Psalm 25:4 - 7.

**Belydenis:** Heidelbergse Kategismus, Sondag 49, V&A 124.

**Sing:** Psalm 135:1, 3, 11; Psalm 25: 2, 3; Psalm 86: 6; Psalm 40: 3, 4.

**Kollektes vanoggend:** *Diens van Barmhartigheid* in die blou sakkies en vir *GKSA Sustentatiefonds* in die rooi sakkies.

**Vanaand:** *Diens van Barmhartigheid* en *Kerkkas*

U word vriendelik versoek om vir die volle duur van die eredienste u masker te dra en om deurentyd gesonde afstand te handhaaf.

## LIEF EN LEED

Nico Spaumer is steeds in die intensiewe eenheid in die Anncron hospitaal in Klerksdorp, na sy hartomleidingsoperasie. Hy ondervind van tyd tot tyd probleme met sy hartritme asook sy bloeddruk. Ons bede vir hom en Sarie en hulle dierbares is dat ons hemelse Vader hom elke oomblik sal lei op die pad van herstel.



Ons betuig ons innige meegevoel met **Thinus en Sonja Venter**. Sonja se vader is vroeg Vrydagoggend In Huis Anna Viljoen oorlede. Ons bid dat die Vader van alle ontferming en vertroosting hulle as familie ryklik sal vertroos.

### Verlof van prof. Callie

Prof. Callie en Susan sal D V van Maandag tot Vrydag weg wees. Enige besondere omstandighede in die wyke waarvoor prof. Callie verantwoordelik is, moet asseblief aan die wyksouderling en Ds Jannes deurgegee word.



### Attestate

Ons verwelkom graag ook langs hierdie weg die volgende lidmate in die gemeente. Mag u in die gemeente 'n geestelike tuiste vind en mag u self hier in die geloofsgemeenskap opgebou word en ook deur ons Here gebruik word tot opbou van die gemeente:

**Krizanne Cornelia (Krizanne) Roodt**, Wyk 17. Die ouderling in die wyk is Kobus Mentz en diaken Banie Nortjé.

**Christiaan Willem Blignaut (Christiaan)**, Wyk 16. Die diaken is Johann de Waal.

## Die spesiale kollektes in Augustus 2021 gaan vir:

Sondag 8 Augustus Emeritaatsfonds  
 Sondag 15 Augustus **GKSA Sustentatiefonds**  
 Sondag 22 Augustus Deputate Jeugsorg  
 Sondag 29 Augustus Teologiese Studentekas

## VAN ONS KERKRAAD

### BYBELSTUDIES

Di	17/08	18:30	Jeugkamer	Vrae oor die doop
Do	19/08	09:30	Kerkkantoor	Handelinge 6
		18:30	Kontak: Virtueel	Paul Krüger of Frieda Theron

### Katkisasie

	Vandag 8 Augustus	Sondag 15 Augustus		
<b>Lesrooster:</b>	Les 14 en Sondag 14	Les 15 en Sondag 15		
<b>Psalmvers:</b>	Psalm 24: 1	Psalm 25:1		
<b>Katkisasie toesig:</b>	Ouderling Wyk 7: Graad 7 Ouderling Wyk 8: Graad 11	Ouderling Wyk 9: Graad 0 Ouderling Wyk 10: Graad 1 & 2		
Di	17/8	15:00	2020 Belydenisklas	Ondervraging in Ou Kerkie
Wo	18/8	14:30	2020 Belydenisklas	HK Sondag 15 & 16
Do	12/8	15:30	Graad 8, 9 katekisasie	Les 11

## HAMBURGERBRAAI



Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

**VRYDAGAAND**

**27 Augustus 2021**



Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.

Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor

☎ 018 294 4600

**R 25** per hamburger. Pannekoek **R 5**. Dit is 'n "winkoop"

## **Viering van die sakrament van die Nagmaal**

Die gemeente sal D.V. op 29 Augustus die sakrament van die Nagmaal vier. Die kerkraad sal met die vergadering van 22 Augustus die nodige besluite neem sodat die Nagmaal ordelik en tot opbou van die gemeente sal plaasvind indien die huidige inperkingsregulasie van 50 persone in 'n samekoms nog geld. Dit sal ook per WhatsApp aan lidmate kommunikeer word. Ongeag daardie besluite, sal die wyse van Nagmaalviering nog steeds plaasvind soos wat vroeër gekommunikeer is:

### **Inleidend**

Die ouderlinge het op Sondagaand 23 Mei vergader. Tydens hierdie vergadering is daar besluit dat die gemeente op Sondag 20 Junie die sakrament van die Nagmaal sal vier. Indien daar vanweë die derde vlag van die pandemie 'n beperking op getalle sou wees, sal daar twee eredienste die oggend wees waartydens die sakrament van die Nagmaal gevier sal word. Indien nodig, sal verdere reëlins getref word sodat elke lidmaat tot versterking van die geloof die Nagmaal kan vier.

Die volgende sake was rigtinggewend in die ouderlinge se besluit:

- 1- Die viering van die Nagmaal is 'n opdrag van die Here Jesus.
- 2- Ons moet die lewe van ons naaste sover moontlik beskerm (sesde gebod) en daarom ook (vyfde gebod) die bepalings en regulasies van die owerheid ten einde verspreiding van die Koronaviruste bekamp, gehoorsaam.
- 3- Die Nagmaal moet so ver moontlik gevier word soos in art. 29 van die NGB bely word en in lyn met die ordelike reëling van art. 62 van die Kerkorde.
- 4- Die belangrikheid van tafelgemeenskap en die fokus op die beker is beklemtoon.

Verder is die besluit geneem met die bede dat dit bo alles God tot eer mag wees, dat die sakrament van die Nagmaal nog steeds suiwer bedien sal word in buitengewone omstandighede, en dat dit tot versterking van die geloof en opbou van die gemeente sal wees.

### **Praktiese viering van die Nagmaal**

Die gemeente vier die sakrament van die Nagmaal eers sittende en daarná gaande.

#### *Sittende viering*

Daar word dus eers aan lidmate wat sittende aan tafel die Nagmaal wil gebruik geleentheid daartoe gegee.

Lidmate wat aan die tafel wil aansit, tree toe soos die gebruik in die gemeente is (middelblok voor, vleuels – voor, middelblok agter, vleuels – agter). Almal (ongegag waar u in die kerkgebou sit) wat tot die tafel toetree beweeg via die binnekantste paadjies na middelpaadjie en vandaar na die kantpaadjie onder die orrelgalery. Voor die orrel se speeltafel sal 'n diaken die tien lidmate wat aan die tafel wil aansit, se hande saniteer. Ter wille van die handhawing van gesonde afstand sal daar slegs tien lidmate per sitting aan die tafel kan aansit. Die sitplekke word gepak aan die kant van die tafel waar lidmate na die gemeente kyk. Die bedienaar(s) sal aan die ander kant van die tafel (met die rug na die gemeente) verbybeweeg terwyl hulle die bediening waarneem. Die brood sal met 'n tangetjie deur die bedienaar in die hande van lidmate geplaas word (vgl. HK, Sondag 28, V&A 75) nádat die uitdeelformule uitgespreek is.

Met die skinkbeker omhoog word die formule vir die uitdeel van die wyn uitgespreek. Die wyn word dan in onge vulde drinkbekers wat vooraf by die sitplekke geplaas sal word, geskink. Huisgenote kan uit dieselfde beker drink en moet net die bedienaar 'n aanduiding daarvan gee.

Lidmate wat gewoonlik in die banke bedien word, sal met die eerste tafel deur 'n ouderling en / of diaken bedien word wat voor die bediening hulle hande sal saniteer. Brood sal in 'n piring aan lidmate gebied word en individule drinkbekers sal ook beskikbaar wees. Die bedienaar vul die drinkbekers nádat die bekere aan tafel gevul is.

'n Skrifdeel sal gelees word en twee Psalmverse sal gesing word waartydens die tafelenote met die tweede vers na hulle banke terugbeweeg: lidmate staan van die tafel af op, beweeg verby die diakensbanke aan die linkerkant van die preekstoel na die kantpaadjie waar 'n diaken hulle hande sal saniteer. Met die kantpaadjie (Maurylaan kant) beweeg lidmate via die middelpaadjie na hulle onderskeie sitplekke.

Die viering aan tafel sal herhaal vir soveel kere as wat daar lidmate is wat aan die tafel die Nagmaal wil gebruik.

#### *Gaande viering*

(Die wyse om die Nagmaal gaande te vier is in die tyd van die kerkhervorming deur onder andere Johannes Calvyn gebruik).

Wanneer daar nie meer lidmate is wat aan tafel die Nagmaal wil gebruik nie, sal die Woordbedienaar afkondig: “Ons gaan nou daartoe oor om die Nagmaal gaande te vier.” Die Woordbedienaars beweeg nou óm die tafel om met die bediening ná die gemeente te kyk en lidmate sal vóór die tafels verby beweeg. Die uitnodiging en opskerping om toe te tree tot die tafel word weer voorgehou.

Die uitdeelformule vir die brood sowel as die wyn word voorgehou. Die wyn word uit dieselfde skinkbeker wat met die viering aan tafel gebruik is, bedien. Uit dieselfde skinkbeker moet deur die hele gemeente gedrink word en die vloei van die wyn moet sigbaar wees.

Lidmate tree vanuit die banke toe soos wat die lidmate wat aan tafel gesit het, toegetree het (met die handhawing van gesonde afstand). 'n Ouderling sal in elke blok lidmate ry vir ry laat toetree: met die binnekantste paadjies beweeg lidmate na die middelpaadje en dan na die paadje onder die orrelgalery.

By die speeltafel sal 'n diaken elke lidmaat wat toetree, se hande saniteer.

Lidmate ontvang dan brood van 'n bedienaar (bedien met 'n tangetjie). Hulle beweeg dan na die ander punt van die tafel om daar die wyn te ontvang. Lidmate word versoek om sover moontlik en ter wille daarvan om die onderlinge eenheid verder te beklemtoon, wynglase van vlekvrystaal met 'n voetstuk te bekom en met hulle toetrede saam te bring. Hiërdie wynglase is in die handel by groot kettingwinkels en ook buiteligwinkels beskikbaar. Indien u dit nie kan bekom nie, sal 'n wynglas van glas met 'n voetstuk ook dienlik wees. Uit die een skinkbeker ontvang lidmate die wyn en drink dit (huisgenote kan weereens uit een beker/wynglas drink).

'n Kom sal beskikbaar wees om oortollige wyn in te gooi.

Nádat die wyn gedrink is, beweeg lidmate voor die diakensbanke verby na die buitekantste paadje (Maurylaan kant). Hande word saniteer en lidmate keer terug na hulle sitplekke.

### Ten slotte

Bogenoemde kan baie oorweldigend wees met die eerste lees hiervan. U is welkom om my te skakel sodat ons dit rustig kan bespreek.

Mag die Here in die rykdom van sy goedheid gee dat die viering van die Nagmaal DV op **29 Augustus** tot eer van sy Naam sal wees, tot versterking van ons geloof en tot die opbou van sy gemeente.

- Ds. Jannes.

### Die enige God

Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem. *Hy is ewig, onbegryplik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.*

## Omgewingspitkos

Die wyse waarop skeppingsorg deur Christelik geörienteerde kerke aangespreek moet word, word deur verskillende grade van radikale omgewingsgesindes verdag gemaak. Kundige omgewingbewarings aksies wat oor baie jare wetenskaplik begrond is, word smalend oorboord gegooi en vervang met 'n sondig geheiligde sogenaamde 'moederaarde'. Die ekoloë as die werklike groenes word besweer omdat hulle waarsku teen globale verwarming en osoongate.

Onvergenoegde rooi groenes of anti-alles word gedryf deur haat en ongelukkigheid met hul baie geld. Hulle stem ooreen met fanatiese radikales in die geloof, soos die Puriteine. Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword (Rom 1:22).



Die volgende onderhoud op Pretoria FM met die Redakteur van *Die Kerkblad* word op **Sondag 22 Augustus** tussen 07:45 en 08:00 uitgesaai. Lidmate kan daarna luister op PretoriaFM104.2 MHz/106.6 MHz of TV Oudiokanaal 887.

## GESOEK: WEBMEESTER

Ons vorige webmeester, Terence Kent, en sy gesin het begin van die jaar uit ons gemeente vertrek. Dit het 'n leemte gelaat en veroorsaak dat van die inligting op ons gemeente se webblad verouder het. Die belangrike dinge soos die weeklikse plaas van preke en ons gemeenteblyd, word wel intussen deur Gert Kruger gedoen. Dit sal egter die ideaal wees as 'n ander lidmaat of lidmate dit kon behartig en dus as webmeester optree. Terence meen dat dit iemand kan wees wat net 'n **bietjie rekenaarvaardig** is en dat hy sodanige persoon verder sal kan oplei indien nodig. Nog belangriker egter is dat hierdie persoon **graag** hierdie werk wil doen. Ons wag dan aansoeke vir die werk (diens) van webmeester in.

Skakel my in hierdie verband asseblief.

*Faans Steyn* (namens Uitdra van Evangeliekommissie)

## DIAKONIE SE KOSKAS

**Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.**



Cup of soup, 2 min noedels, koekmeel, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram). Sunlight seep, skottelgoedseep, toiletpapier.